

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Vrydag 31 Maart 1978

WINDHOEK

Friday 31 March 1978

No. 3727

INHOUD:

Bladsy

CONTENTS:

Page

PROKLAMASIE:

PROCLAMATION:

No. AG. 22 Rehoboth Begrotingsproklamasie, 1978 1

No. AG. 22 Rehoboth Appropriation Proclamation, 1978 1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 29 Maart 1978)

No. AG. 22 1978

BEWILLIGING VAN BEDRAG GELD VIR DIE
BEHOEFTE VAN DIE ADMINISTRASIE VAN
REHOBOTH IN DIE BOEKJAAR WAT OP 31
MAART 1979 EINDIG EN VOORSIENING VIR
UITOEFENING VAN SEKERE BEVOEGDHEDE
DEUR HOOFDIREKTEUR VAN REHOBOTH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie
181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in
die Bylae vervat.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Windhoek, 23 Maart 1978

BYLAE

*Bewilliging van R9 761 000 vir behoeftes van admini-
strasie van Rehoboth*

1. (1) Behoudens die bepalings van die Skatkis- en
Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), soos toegepas deur
artikel 31 van die Wet op Selfregering vir Rehoboth,
1976 (Wet 56 van 1976), word daar vir die behoeftes
van die administrasie van Rehoboth in die boekjaar wat

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 29 March 1978)

No. AG. 22 1978

APPROPRIATION OF AMOUNT OF MONEY
FOR THE REQUIREMENTS OF THE ADMINI-
STRATION OF REHOBOTH DURING THE
FINANCIAL YEAR ENDING 31 MARCH 1979
AND PROVISION FOR THE EXERCISE OF
CERTAIN POWERS BY CHIEF DIRECTOR OF
REHOBOTH

Under the powers vested in me by Proclamation 181
of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in
the Schedule.

M. T. STEYN

Administrator-General

Windhoek, 23 March 1978

SCHEDULE

*Appropriation of R9 761 000 for requirements of ad-
ministration of Rehoboth*

1. (1) Subject to the provisions of the Exchequer and
Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), as applied by section
31 of the Rehoboth Self-Government Act, 1976 (Act 56
of 1976), there is hereby appropriated for the re-
quirements of the administration of Rehoboth during

op 31 Maart 1979 eindig as 'n las teen die Rehoboth-inkomstefonds, hierby die bedrae geld uiteengesit in die Aanhangsel bewillig.

(2) Die bewilliging beoog in subartikel (1) word geag 'n bewilliging soos beoog in artikel 26 van die genoemde Wet op Selfregering vir Rehoboth, 1976, te wees.

Uitoefening van sekere bevoegdhede, gesag en werksaamhede van Administrateur-generaal deur Hoofdirekteur van Rehoboth

2. (1) Die Hoofdirekteur van Rehoboth kan, onderworpe aan die gesag van die Administrateur-generaal en op die voorwaardes (indien daar is) wat hy bepaal, die bevoegdhede, gesag en werksaamhede uitoefen wat aan die Administrateur-generaal verleen word by artikel 39 van die Wet op Selfregering vir Rehoboth, 1976 (Wet 56 van 1976), soos toegepas deur artikel 3(1) van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977).

(2) 'n Beslissing van die genoemde Hoofdirekteur by die uitoefening van 'n bevoegdheid, gesag of werksaamheid bedoel in subartikel (1) word geag 'n beslissing van die Administrateur-generaal te wees tensy daardie beslissing deur die Administrateur-generaal ingetrek word of, indien hy dit wysig, soos deur hom gewysig: Met dien verstande dat 'n wysiging of intrekking van bedoelde beslissing nie die geldigheid van enigiets wat kragtens so 'n beslissing voor die wysiging of intrekking daarvan gedoen is, raak nie.

Kort titel

3. Hierdie Proklamasie heet die Rehoboth Begrotingsproklamasie, 1978.

AANHANGSEL

Begrotingspos		Bedrag
No.	Titel	
1	Gebietsake en Finansies	228 754
2	Justisie en Gemeenskapsake	1 912 765
3	Onderwys en Kultuursake	2 367 008
4	Landbou en Werke	5 252 473
Totaal		R9 761 000

the financial year ending 31 March 1979, as a charge to the Rehoboth Revenue Fund, the amounts of money shown in the Annexure.

(2) The appropriation contemplated in subsection (1) shall be deemed to be an appropriation contemplated in section 26 of the said Rehoboth Self-Government Act, 1976.

Exercising of powers, authority and functions of Administrator-General by Chief Director of Rehoboth

2. (1) The Chief Director of Rehoboth may exercise, subject to the authority of the Administrator-General and on the conditions (if any) determined by him, the powers, authority and functions conferred upon the Administrator-General by section 39 of the Rehoboth Self-Government Act, 1976 (Act 56 of 1976), as applied by section 3(1) of the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 3 of 1977).

(2) Any decision of the said Chief Director given in the exercise of a power, authority or function referred to in subsection (1), shall be deemed to be a decision of the Administrator-General unless such decision is withdrawn by the Administrator-General or, if it is amended by him, as amended by him: Provided that any amendment or withdrawal of such decision shall not affect the validity of anything done under such a decision before the amendment or withdrawal thereof.

Short title

3. This Proclamation shall be called the Rehoboth Appropriation Proclamation, 1978.

ANNEXURE

Vote		Amount
No.	Title	
1	Gebiet Affairs and Finance	228 754
2	Justice and Community Affairs	1 912 765
3	Education and Cultural Affairs	2 367 008
4	Agriculture and Works	5 252 473
Total		R9 761 000